Afrikaans

WEEK 10
DONDERDAG

Graad 5

Bron: Via Afrila

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LEES EN VERDUIDELIK: Lees die instruksieteks se opskrifte en voorspel waaroor jy dink die teks gaan.



Hoe om 'n Zoeloe-"liefdesbrief" te maak

'n Zoeloe-"liefdesbrief" is glad nie 'n brief nie. Dis krale wat op 'n spesiale manier ingeryg is en elke kleur het 'n spesifieke betekenis. Rooi beteken byvoorbeeld liefde,wit trou, swart smart, groen jaloesie, ens.

Benodigdhede

1 klei
2 draadhanger
3 verskillende kleure verf
4 tou
5 groot haakspeld
6 deeg

Metode

1 Verdeel die deeg in kleiner balletjies.
2 Voeg verskillende kleure by elke balletjie.
3 Druk die draadhanger deur die balletjies om gate te maak.
4 Ryg jou wit en rooi krale in vir die liefdesbrief.
5 Maak 'n groot haakspeld aan die liefdesbrief vas en dra dit as 'n borsspeld.

G. FOURIE, S. MATTHEE, *KUNS EN KULTUUR* , UITGEWER, 2010.

Lees weer die aanwysings en verduidelik vir Ma of Pa in jou eie woorde hoe om dit te doen. Onthou om vir hulle die benodighede en metode te verduidelik.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

SPEL: Skryf elke woorde 3 keer uit en skryf daarna ’n toetsie.

1) klei
2) draadhanger
3) haakspeld
4) balletjies
5) gate
6) liefdesbrief
7) borspeld
8) verf





Laerskool Mikro Kopiereg ©

TAALLEER: Lydende en bedrywende vorm



Bedrywende vorm

Die seun	speel	trom.
(onderwerp)		(voorwerp)

Wanneer ons die onderwerp (die seun) eerste gebruik en die voorwerp (trom) laaste, noem ons dit die **bedrywende vorm**.

Lydende vorm

Trom	*word deur*	die seun	*ge*speel.
(voorwerp)		(onderwerp)	

Wanneer ons die voorwerp (trom) eerste skryf en die onderwerp (die seun) laaste, noem ons dit die **lydende vorm**. Let op dat ons dan *word deur* gebruik en *ge-* voor die werkwoord plaas.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

SKRYF DIE VOLGENDE SINNE IN DIE LYDENDE VORM

- 1) Die meisie dra ’n string krale.
- 2) Sy rol die balletjies.
- 3) Pa bestuur sy motor.
- 4) Ma maak kos.
- 5) Die kinders speel ’n speletjie.







Laerskool Mikro Kopiereg ©

ANTWOORDE:

- 1) ’n String krale **word deur** die meisie **ge**dra.
- 2) Kleiballetjies **word deur** haar **ge**rol.
- 3) Sy motor **word deur** Pa bestuur.
- 4) Kos **word deur** Ma **ge**maak.
- 5) ’n Speletjie **word deur** die kinders **ge**speel.

Laerskool Mikro Kopiereg ©

LAERSKOOL MIKRO

LEES ’n GEDEELTE UIT JOU LEESBOEK ’n HELE PAAR KEER VIR JOUSELF TOTDAT JY DIT MET DIE TOEPASLIKE UITSPRAAK, VLOTHEID EN UITDRUKKING KAN LEES. Wanneer jy dit goed ken, lees dit hardop vir ma of pa.



Laerskool Mikro Kopiereg ©